# FAK SOEK SKRYFTALENT

## *Jaarlikse Internasionale Afrikaans-Ekspo*

Dis weer tyd vir die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) se jaarlikse Internasionale Afrikaans-Ekspo.

Die geleentheid is 'n opwindende skryf- en kreatiewe kunstekompetisie wat fokus op leerders en studente se kreatiewe hantering van Afrikaans. Hierdie jaar is die vyfde jaar wat dié kompetisie aangebied word en kan jy vanjaar groot geld vir jouself en vir jou skool wen. Die skool met die grootste deelname staan 'n kans om R10 000 te wen en die junior en senior algehele wenners ontvang elkeen R2000 en hulle skool ontvang ook R2000! Die Ekspo bestaan uit agt kategorieë, waaronder dagboekinskrywing, resensies, opstelle, kortverhale, poësie, voordrag, fotografie en kuns (skilderkuns en tekenkuns) waarin jy jou kreatiwiteit oftewel liefde vir boeke kan uitleef. Stof dus jou kamera af, haal die verfkwaste uit, maak daardie potlode skerp om jou reis met boeke uit te beeld.

Danie du Toit, voorsanger van Spoegwolf, beoordeel vanjaar die poësie-afdeling.

Inskrywings sluit 12 Julie 2021.

**Wie kan deelneem?**
Alle graad 1- tot 12-leerders en studente in Suid-Afrika en Namibië asook enige land ter wêreld waar Afrikaans as moedertaal of nie-moedertaal gebruik of bestudeer word kan gratis deelneem. Gr. 1- tot 5-leerders kan deelneem aan skilderkuns, poësie en voordrag, terwyl alle ander leerders en studente aan al die kategorieë mag deelneem. Jy mag ook in een of meer kategorieë deelneem.

**Hoe neem jy deel?**
Skryf aanlyn in by ekspo.fak.org.za. Skilderye en kunswerke kan per hand by die FAK-kantoor by die Voortrekkermonument in Pretoria ingehandig word.




**BLOEDSKENK DATUMS**
25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November







